

Dinsdag 9 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 6:1-21

Fokusgedeelte: Johannes 6:14

Jesus Christus is die lewe wat voed en red!

Dis glad nie lekker om honger te wees nie. Jesus sien dat die skare wat rondom Hom is, honger was. Hy draai na Filippus en vra waar hulle brood in die hande kan kry. Filippus het die somme gemaak en besef dat selfs 200 mense se dagloon nie genoeg sou wees om vir almal kos te gee nie.

Jesus kry die skare jammer. Hy het 'n plan vir die hongeriges. Ten aanskoue van sy dissipels het Hy almal laat sit en doodluiters begin om die vyf garsbrode en twee vissies wat Andreas vir Hom gebring het, onder die mense te verdeel. Uiteindelik was daar soveel kos vir almal dat die dissipels ná die tyd 12 mandjies vol oorskiet bymekaargemaak het. Jesus voed hulle deur 'n wonder te doen.

Hierdie wonder het die skare só beïndruk dat hulle sommer daar en dan vir Jesus koning wou maak. Jesus het egter nie gekom om 'n aardse koninkryk te kom vestig nie. Hy wou nie Herodes onttroon of by Pontius Pilatus oorneem nie. Jesus wou alleen maar mense na God toe terugbring.

God het sy Seun na die wêreld gestuur om ons met Hom te versoen. Vandag nog verstaan mense Jesus verkeerd. Beland ons nie ook soms in die versoeking om Jesus en sy boodskap verkeerd te verstaan nie? Baie keer sien ons Hom slegs as die Een wat ons hongerpyne moet stilmaak, maar verder wil ons niks met Hom te make hê nie. Sien ons Hom nie ook soos ander as 'n politieke bevryder nie?

Jesus is veel meer as dit, soveel meer. Hy is die Seun van God, die Een wat ons kom bevry van die bande en strikke van die dood. Jesus Christus is die lewe wat ons in ons nood raaksien en voorsien wat ons nodig het na liggaam en gees.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 2, 6

Dr. De W Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)